HOEKOM MET NGUNIS KRUIS?

Koos Steyn

Laslap Nguni Stoet, Ermelo



Die vraag is al soveel keer in gesprekke gevra, en van die antwoorde is al só holrug gery, maar ek dink dit is tog goed om te vertel "hoekom?", en wat vir ons "werk" .

Ons (ek en my seun) se beeskudde het hoofsaaklik uit 700 Afrikaner-Sussex kruis koeie bestaan. Met dié dat ons ons saaiery ngekort het, was die probleem om genoegsame weiding, oesreste of nooi vir die winter vir al die koeie te kry. Kalftyd is vanaf Augustus tot einde Oktober. Ons speen in Aprilmaand, so die koeie gaan die winter dragtig deur. Op sowat 250ha Eragrostis is aanvanklik hooi gemaak. 300ha s gebruik om mielies te plant (oesreste), waarvan al die graan weer aan die kalwers in die voerkraal gevoer is. Kampe is gespaar (veral die vleikampe) om later te wei (Junie-Julie).

Desondanks al die voermakery, het ons koeie deur die winter swaar gekry . Ons wou nie die saaiery meer uitbrei nie, aangesien op die helfte van die lande alreeds sojabone geplant word om die vleismerinoskape deur die winter te kry. Ons kon nie meer hooi maak nie, want dis ekonomies net nie haalbaar met vleisbeeste nie.

Ons enigste keuse was nou om na ander opsies te kyk, waarvan die een om met Nguni-bulle te kruis, die meer aanvaarbare opsie was. Aanvanklik het ons ook 'n paar Sanganer-bulle saam met die Nguni's gebruik , maar die resultaat van albei rasse was só na aan mekaar dat ons met Nguni-bulle volstaan het. Ons is nog in die proses om die koei-kudde na medium tot kleinraam-koeie terug te teel.

Die vrees dat ons gevoerde osse te lig gaan weeg, het in die mis verdwyn oe die eerste groep klaar gevoer is - 'n gemiddeld van 450kg! Die osse is vir 6 maande ná speen met lek op spaarveld deur die winter gevat. Toe hulle n Februarie voerkraal toe gebring is, was die gemiddelde gewig 327kg.

Die volgende feite is alombekend, nl.: gehardheid, goeie siektebestandheid, kort haarkleed teen bosluise, goeie temperament, vrugbaarheid vir 'n beter T.K.P, meer vleis per hektaar, na speen is koeie gou weer op kondisie, GEEN kalfprobleme, en weiding word nou optimaal benut. Ons maak nou die helfte minder hooi (125ha) en dit word net as 'n buffer in 'n jaar soos vanjaar gebruik as die weidings a.g.v. droogte vroeg klaar raak .



Ons het a.g.v. bogenoemde redes besluit om ons eie bulle te teel (LASLAPSTOET), waar ons dan ook klem op vleisproduksie met die seleksie van bulle lê. Tydens 'n onlangse sonar op 104 Nguni-kruisverse, was die uitslag 100% besetting.